


Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 1 van 6

Tuiswerk vir week 13 - 17 Julie 2020

MAANDAG 13 Julie : Kyk na die aangehegte memoranda en merk jou werk van verlede week. Skryf die regte antwoorde by as jy dalk 'n fout gemaak het.



Memorandum: Werkwoorde

1. Onderstreep die werkwoorde in die volgende stuk:

'n Ontbyt van spek en eiers en die gebruiklike kanne koffie laat vir Skollie nou die oggend hardop wonder oor die ou vragie wat niemand nog kon beantwoord nie: wat was eerste, die hoender of die eier?

2. Benoem die onderstreepte werkwoorde in die volgende stuk: (m.a.w. sê watter soort werkwoord dit is: selfstandige werkwoord, koppelwerkwoord, hulpwerkwoord, skakelwerkwoord, infinitief) Skryf eers die werkwoord neer en dan watter soort werkwoord hy is.

Vrind Skollie seg hy wil nie uit sy beurt 'n eiertjie lê nie, maar die hoendervrug is darem maar 'n wonderlike ding. Dat hy sy hoenderhok ken, blyk gou duidelik te wees, want hy vertel van allerhande interessante eiers in die wêreld.

Daarvan kan Skollie se suster, Jenny, in Mitchells Plain getuig, want sy het vir manlief, Tommie, aan 'n dubbeldoor laat verstik - 'n vrou se eierwraak. Skollie sê hy hoor nog hoe sy ouma hom waarsku: "Die eier moet nooit slimmer as die hoender probeer wees nie."

seg - Selfstandige ww

wil - hulpwerkwoord van wyse

lê - Selfstandige ww.

is - koppelwerkwoord

ken - selfstandige ww.

blyk - skakelwerkwoord

te wees - infinitief

vertel - selfstandige ww.

kan - hulpwerkwoord van wyse

getuig - selfstandige ww.

laat - skakelwerkwoord

verstik - selfstandige ww.

moet - hulpwerkwoord v wyse

probeer - skakelwerkwoord

wees - infinitief

3. Kyk na die onderstaande prentjies en maak dan **kort** sinne daarvoor waarin jy die werkwoord wat uitgebeeld word gebruik. Onderstreep die werkwoord en sê dan in hakies na die sin of die werkwoord oorganklik of onoorganklik gebruik word.

3.1 Die meisies spring op die trampolien. (Onoorganklik)

3.2 Die seun skop die bal. (Oorganklik)

3.3 Die hond blaf. (Onoorganklik)

3.4 Die koei wei op die gras. (Onoorganklik)

3.5 Die seun eet sy toebroodjie. (Oorganklik)

3.6 Die hond byt die man. (Oorganklik)

4. Herskryf die volgende sinne in die **LYDENDE** (Passiewe) VORM:

byvoorbeeld: Die kat vang elke dag 'n muis. - Elke dag word 'n muis deur die kat gevang.

4.1 Die man verf die huis se dak potblou. - Die huis se dak word deur die man potblou geverf.

4.2 Hy bou 'n hoë muur rondom die tuin. - 'n Hoë muur word deur hom rondom die tuin gebou.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 2 van 6

4.3 Die haai het die seekat sommer so heel ingesluk. Die seekat **is** sommer so heel deur die haai ingesluk.

5. Herskryf die volgende sinne in die **BEDRYWENDE** (Aktiewe) vorm:

byvoorbeeld: Die bal word deur die seun gevang. - Die seun vang die bal.

5.1 Die volkslied word deur die toeskouers gesing. - Die toeskouers sing die volkslied.

5.2 Die aktrise word deur baie mense bewonder. Baie mense bewonder die aktrise.

5.3 Die stout kinders is deur die onderwyser gestraf. - Die onderwyser **het** die stout kinders gestraf.

Memorandum: Die voëltjie wat suurmelk kon fladder.

1. Die man vang vis en die vrou maak kleipotte en werk op die landerye.
2. Dinge het verkeerd gedraai of gegaan. / Daar het fout gekom.
3. Hy is nie lus om huis toe te gaan nie, want hy het weereens niks vis gevang nie en daarom is hy moedeloos. Sy vrou en kinders wag by die huis vir iets om te eet, maar hy het niks nie.
4. Vandag gaan ek jou slaan dat jy nie weet wat om jou aangaan nie.
- 5.1 Hy sal nooit weer die man lasting val nie.
Hy sal die vis terugstuur.
Hy sal die lekkerste suurmelk maak wat die man nog ooit geproe het.
- 5.2 Ja.
- 5.3 Nee. Hy vat hom huistoe en hou hom in 'n kleipot gevange.
6. Belofte maak skuld; gulsigheid kan jou duur te staan kom.

Memorandum: Suurlemoen!

Hoofstuk 32

1. Bongki stel voor dat hulle niks doen nie. Sy wil hê hulle moet wag en Frik terugkry wanneer hy dit die minste verwag. Tot dan moet hulle voortgaan asof niks gebeur het nie.
2. Sy vertrou nie meer vir Tiaan en Zane met die sleutels nie.

Hoofstuk 33

1. Hy besef hy is nie alleen in die badkamer soos hy gedink het nie. Daar is iemand in een van die toilethokkies.
2. Die persoon sit op die toilet en neurie *Maak lemonade*.
3. Die leerders het vir hulle liedjie gestem nadat hulle die liedjie op die radiostasie gehoor het. Frik het hulle in die verleentheid probeer stel, maar nou hou hulle van die liedjie. (Mooi voorbeeld van **ironie**.)

Hoofstuk 34

1. Hy sê hy het 'n idee gekry dat hulle T-hemde met die orkes se naam op moet maak en dit as pryse weggee. Die radiostasie kan 'n kompetisie hou en hulle kan by by hulle optrede ook 'n paar weggee. (Goeie reklame vir die groep.)
2. Hy wil haar oornooi om by hom te kom kuier, want hy is eintlik verlief op haar en wil haar graag sien.


DINSDAG en WOENSDAG 14 en 15 Julie : Lees die onderstaande notas en doen dan die oefeninge.

WOORDSOORTE : BYVOEGLIKE NAAMWOORDE EN BYWOORDE

Hierdie twee woordsoorte is baie eenders en dit lei gevolglik tot verwarring.

ONTHOU: Kyk na die konteks waarin die woord gebruik word!!!

Hier is 'n skematiese voorstelling van die ooreenkomste en verskille tussen die twee:



* Sommige, nie almal nie!

Kyk agter in jou Platinum Handboek se indeks op watter bladsye daar verduidelikings is.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 4 van 6

OEFENING 1:

1. Onderstreep die byvoeglike naamwoorde (b.nwe.) in die volgende sinne.

1.1 Die lang seun stap rustig met gemaklike treë en skop kort-kort ongemerk 'n klip uit die pad.

1.2 Alhoewel hy moeg is, die dag warm en die pad lank is, sweet hy betreklik min.

1.3 Die stokou man se gesig is verrimpeld, sy hare is grys en 'n swierige snor versier statig sy bolip oor sy splinternuwe stel winkeltande.

2. Onderstreep die bywoorde (bwe.) in die volgende sinne:

2.1 Die lang seun stap rustig met gemaklike treë en skop kort-kort ongemerk 'n klip uit die pad.

2.2 Alhoewel hy moeg is, die dag warm en die pad lank is, sweet hy betreklik min.

2.3 Die stokou man se gesig is verrimpeld, sy hare is grys en 'n swierige snor versier statig sy bolip oor sy splinternuwe stel winkeltande.

OEFENING 2:

1. Doen: Platinum handboek bl. 256 nr. B.3 (Intensiewe vorme) Voorbeeld: oud - stokoud.

Met 'n paar uitsonderings (soos nugter wakker en wawyd oop) word hulle altyd aanmekaar geskryf as een woord.

Sommiges, veral kleure, het 'n hele aantal moontlike variasies, bv. nat – sopnat, waternat, sopwaternat; alleen – stokalleen, saligalleen, sielsalleen, stoksielsaligalleen

2. Doen ook die volgende:

Fris	Lewendig
Af	Bekend
Bitter	Groen
Dik	Doof
Duur	Gelukkig
Getrou	Jonk
Lank	Leeg
Lelik	Soet
Ongelukkig	Skeef
Vars	Helder

OEFENING 3: Trappe van vergelyking

- Stam plus -er en -ste of in sommige gevalle meer en meeste. (Sien handbook bl. 21 en 36)
- 'n Paar is onreëlmatig, met ander woorde dit volg nie die reël nie, bv. baie meer meeste.

Hoër Volksskool Graaff-Reinet - Afrikaans Huistaal Gr. 9 Bladsy 5 van 6

- Party b.nwe het nie trappe van vergelyking nie, want die woord dui klaar die hoogste toestand aan, bv. dood, uniek, enig, volmaak, volkome, swanger. Iets kan nie meer dood as dood wees nie.

Gee die trappe van vergelyking van die volgende woorde:

Stellende trap	Vergelykende trap	Oortreffende trap
jonk
lief
groot
moeg
droog verval.....
skeef

Donderdag 16 Julie: Stelwerk – Die huldeblyk

Kenmerke van ‘n huldeblyk:

- ‘n Huldeblyk is ‘n eerbewys aan iemand wat oorlede is.
- Gewoonlik sal iemand ‘n huldeblyk so skryf dat dit mondelings gelewer word, maar van so ‘n aard is dat diegene wat dit op skrif wil hê, dit kan kry. Die lengte varieer afhangende van die geleentheid. Menige doodsbergte bevat ook ‘n kort huldeblyk, maar die huldeblyk kan ook in die vorm van ‘n berig in ‘n koerant verskyn. In hierdie geval is dit heelwat langer as wanneer dit deel van ‘n doodsberig vorm.
- Meld inligting soos: die oorledene se naam en van, woonplek, ouderdom, datum van afsterwe, plek waar die persoon oorlede is, oorsaak van dood, duur van siekte, name van naasbestaendes. Vermoed besonderhede wat deur misdadigers misbruik kan word!
- Prestasies/hoogtepunte; opleiding; gemeenskapsbetrokkenheid moet genoem word.
- Noem dit waarvoor die persoon onthou sal word.
- Noem gebeurtenisse en staaltjies oor die oorledene; persoonlike herinneringe van familie en vriende.
- Die leser moet ‘n duidelike beeld van die oorledene kan vorm en familie moet vertroos word. Negatiewe dinge hoort daarom nie in ‘n huldeblyk nie.
- ‘n Persoonlike boodskap soos ‘n gedig kan bygevoeg word.
- Die taal, styl en register is gewoonlik formeel.
- Gebruik eufemismes, bv. met haar heengaan i.p.v. haar dood, Maar spaarsamig; vermy sentimentaliteit (stroperigheid).
- ‘n Huldeblyk kan ook gelewer word wanneer daar hulde aan ‘n lewende persoon betoon word, soos byvoorbeeld ‘n skoolhoof wat die skool verlaat of iemand wat ‘n groot of belangrike mylpaal in sy haar lewe bereik het.



VOORBEELD VAN 'N HULDEBLYK:

Zibeth Scheepers

Gebore: 9 Januarie 1964; Dorlede 20 Augustus 2015.

Uit die kring van ons ketting is 'n kosbare skakel geneem met Zibeth se skielike afsterwe. Almal wat Zibeth geken het, se harte is gebreek en sy laat 'n leemte in ons lewens wat nooit weer gevul sal kan word nie.

Zibeth was 'n liefdevolle en toegewyde moeder, 'n anker vir haar broer en susters en haar moeder se trots. Vir ander was sy 'n vriendin duisend. Sy het met warmte haar lag en die lewe met almal gedeel.

Sy het altyd ander se behoeftes voor haar eie gestel. Die aarde gaan leeg wees sonder haar borrelende persoonlikheid en aansteeklike giggellag, maar die hemel is nou 'n ligstraal ryker.

In ons harte en geheue sal ons Zibeth altyd lief hê en onthou as een van God se kosbaarste geskenke aan ons. Ons sal nooit van haar skei nie, want sy is lewend in ons harte.

Duisend engele staan en wag, hulle sing van blydskap deur die nag. Nog 'n lewe word voltrek, nog 'n siel volg die pad na die Heiligste plek.

“Zibeth, jou heengaan word diep betreur, maar ons is dankbaar vir jou tyd met ons en dat jy almal wat jy ontmoet het se lewens ryker gemaak het.

Ons gaan vreeslik na jou verlang en jou nooit vergeet nie. Rus in vrede, kosbare mens.”

Zibeth se roudiens sal plaasvind op Saterdag, 29 Augustus, te NG Kerk Paulpietersburg, om 10:00vm.

<https://vryheidherald.co.za/27474/huldeblyk/>

OPDRAG: Skryf 'n huldeblyk:

(Goegeloer gerus die volgende skakel as jy toegang tot internet het. Die voorbeeld is in Afrikaans en die byskrifte in Engels. : <https://klaskameraad.co.za/afrikaans-plus-huldeblyke-tribute-and-eulogy/>). Probeer ook om op die internet voorbeelde van huldeblyke te kry en te lees. Gebruik “Voorbeeld van huldeblyk” om mee te soek.)

'n HULDEBLYK : Jy is 'n goeie spreker en jy word gevra om 'n huldeblyk te lewer oor iemand wat 'n baie belangrike rol in jou lewe gespeel het, of iemand wat jy bewonder het. Skryf die HULDEBLYK wat jy by sy/haar begrafnis gaan voorlees.

Die lengte van jou huldeblyk moet 160 -180 woorde wees.

Vrydag 17 Julie: Prosa – Suurlemoen!

Lees hoofstuk 35 – 37 (bls. 110 – 118)

Doen die vrae oor hierdie hoofstukke, wat jy reeds by jou het, in jou letterkundeskrifboek.